

19 September

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 3:1-5:1**  
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 2:1, 2:17-3:1, 5:1**

**My hart en hande, ál wat ek is en het, staan in God se diens**

Salomo pak 'n groot en lofwaardige projek aan. Hy bou 'n tempel vir die Here. Dit is juis die probleem: Hý, Salomo, bou die tempel.

As 'n mens 2 Kronieke 3 en 4 lees, val dit op hoedat die woordjie "hy" telkens opduik. "Hy" het dit gemaak en "hy" het dit gedoen. Hierdie "hy" is Salomo en koning Hiram (NAV: Hiram) van Tirus, wat hy as bou-aannemer gehuur het. Salomo wil 'n indrukwekkende tempel bou, want die Here is die "grootste van alle gode" (2:5).

Salomo het mense gebruik om dinge vir hom te doen. Hy het al die uitlanders in Israel as dwangarbeiders gebruik om die werk te doen. Hierdie manier van doen is in skerp teenstelling met die optrede van latere konings soos Joas, Hiskia en Josia, wat die tempel laat herstel het deur die gawes van die volk aan te wend. Hiskia en Josia het ook uit hulle persoonlike besittings groot hoeveelhede diere as offers geskenk.

Telkens word genoem dat Salomo vir die Here die tempel bou én vir homself 'n paleis (2:1,12). Hy het reeds sy vader Dawid se paleis geërf, maar hy wou self 'n onoortreflike paleis hê. Hy laat eers 'n tempel ter wille van sy vader Dawid bou (dit het sewe jaar geduur – 1 Kon 6:38) en toe die spogpaleis (dit het dertien jaar geduur – 1 Kon 7:1).

As jy groot dinge vir die Here doen moet jy jou die vraag afvra: met watter gesindheid en op watter manier doen jy dit? Die eintlike tempel van God, sy kerk, word deur Hom wat bereid was om self alles te betaal, gebou én deur dié wat in sy voetspore volg.

*Sing: Psalm 40:4*

*Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)*